

BabaGim massering help baba ontspan en ontwikkelings-mylpale bereik

Hanri van Niekerk

Ek het die afgelope jaar die voorreg gehad om pragtige tweeling-dogtertjies in my klas te gehad het. Hulle is op 34 weke gestasie-tydperk gebore a.g.v. swangerskap-komplikasies. Albei was in ICU vir 'n paar weke maar Claire is op die einde 10 dae voor Lisa huistoe.

Mamma was bekommerd dat Lisa 'n groter agterstand as Claire gaan hê en dit het haar ook bekommer dat Lisa geneig was om baie meer as Claire te huil.

Hulle was 8 weke oud toe hulle met BabaGim begin het. Claire het die massering baie geniet terwyl dit vir mamma moeilik was om Lisa aanvanklik te masseer. Ons kon met eerste sessie nie verder as beentjies masseer nie.

Ek het aan mamma verduidelik dat dit juis die babas is wat nie van massering hou nie wat dit die meeste nodig het. Ek het haar aangemoedig om deur te druk en Lisa 'n paar maal per dag te masseer. Teen week 2 kon ons vorder tot by haar kuite en teen week 3 kon ons amper die hele massering voltooi voor Lisa vir ons "gewys" het dat dit genoeg was.

Teen week 5 was Lisa 'n baie rustiger baba en was daar geen ooglopende verskille tussen Lisa en Claire se ontwikkelings-mylpale nie.

Dit gaan goed met die tweeling en geen agterstand is waarneembaar nie.

